Nood: 072 015 5729
E posadres: bbaynhw16@gmail.com

Voorsitter: 0829281260
E posadres: wayrayjack@gmail.com

BBBW INFO BULLETIN 5 VAN 2021

1. Waardering. Weer eens, dankie vir u geldelike bydraes tot ons rekening deur die BBBV. Hierdie fondse is uiters belangrik om ons nuwe selfoonradio's in werking te hou, en ons toe te laat om verdere wagprojekte te beplan. Dankie ook vir u morele ondersteuning en raad. Ons waardeer u positiewe ingesteldheid tot misdaadvoorkoming in ons gebiede. Ons radiodata rekening is R2000 per maand en ons is op soek na 'n moontlike borg. Idees sal verwelkom word.

2. Ons het ook te make met ekstra maandelikse uitgawes aan NAVIC vir ons kamera-opstelling. Dit word ook uit u skenkings betaal, en ek bedank u.

3. Ons is dankbaar dat Kleinmond Straatwag en Pringlebaai Straatwag aangesluit het by ons pogings om misdaad te voorkom, en ons verwelkom dit.

4. Die rekeningbesonderhede verskyn hier onder. Ons verwysing om te kan weet waar die skenking vandaan kom, is 4322bbnwjackson

Bank:	ABSA
Rekeninghouer:	BBRA (Betty's Bay Ratepayers Association)
Type rekening:	Lopende rekening
Tak:	Hermanus
Takkode:	632005
Rekeningnommer:	4066616439

5. Op 28 Julie 2021 het ons nog 'n vergadering gehou en die nuwe lede voorgestel.. Ek deel graag weer die name met u. U sal oplet dat daar veranderinge ingetree het, en ek verwag verdere veranderinge.

Administrateur, sekretaris & Admin:		Chrizelle Sheppard
Koördineerder, voorsitter & Admin:		Wayne Jackson
Aktiewe lede:		Rob Morrisby and Dennis Greenwood (Day)
Mooiuitsig Verteenwoordiger & Admin:		Rodney De Bruin
Stony Point Verteenwoordiger & Admin:		Brett Grobler
Silver Sands Verteenwoordiger:		Bennie Sheppard (business plans)
Silver Sands Admin:		Bianca Bornman
Rondevlei Verteenwoordiger:		Donovan Ackerberg
Rondevlei Admin:		Ruby Ackerberg
Sentraal Verteenwoordiger & Admin:		Arnold Muller
Dawidskraal/Bass Verteenwoordiger & Admin:		WJ
Jock's Bay Verteenwoordiger & Admin:		Azdrid Twomey
Sunny Seas Verteenwoordiger & Admin:		WJ
Passiewe Verteenwoordiger:		Gill Coetzee
ASK-span:	Michael/Mariana/Wayne	Warren, Henk, Darrel and Lunga
BOLT-span:	Philip/Freek	Freek, Zeno and Kolesi
CULIVE-span:	Gerrit/Johan/Dollie	Max, Henk and Patrick
SBS-span:	Brian/Johan	Johan, Josh, Pieter and Mason

6. Terugvoer

a. Mooiuitsig is tot ons Wag bygevoeg. Die patrolleerder, verteenwoordiger en admin vir daardie area is Rodney De Bruin. Rodney deurloop 'n 3-maande toetsperiode en sal permanent word wanneer die klaring afgehandel is.

b. Pringlebaai het ook nou aangesluit en dra een van ons radio's om doeltreffende kommunikasie te verseker. Hulle woon ons vergaderings by en deel inligting met ons.

c. Ons kamera-opstelling by Dr Flip is nou in werking. 'n Groot hoeveelheid inligting word gebruik om misdaadvoorkoming te ondersteun. Dit inligting word dan aan die SAPD verskaf. Die kameraprojek deur voort. Ons is in gesprek met die Betty's Bay Marine Watch vir ondersteuning met die volgende kamera-opstelling wat aangebring sal word by Die Stoor by Bettysbaai se ingang - 1 LPR op Porterweg en 1 PTZ by die eindpunt van Watsonia.

d. Ons Wagstelsels is nou in plek en voorkom die meeste van die misdaad wat voorheen plaasgevind het. Ons kyk deurentyd na nuwe aktiwiteite en na maniere om dit so gou as moontlik te bekamp. Inligting en u rapportering van wat rondom u gebeur, is baie belangrik vir almal van ons. Wat ons nou moet doen, is om die aktiewe lede ietwat te vermeerder, om die verteenwoordigers te vermeerder en veral, om nog passiewe lede toe te voeg tot ons Wag, as oë en ore.

e. Daar is soveel dinge om aan aandag te gee en te ondersoek dat ons besluit het om die Wag per rekenaarprogram te laat loop. Dit laat toe dat alle relevante aktiewe lede met mekaar kan skakel en take uit te voer via die program. Ons hoef nie elke keer bymekaar te kom as iets ondersoek of gedoen moet word nie. Ons log in vanuit ons huise en dit registreer die geselekteerde persoon. Na afhandeling word 'n boodskap ontvang deur die oorspronklike aanmelder tesame met bevindinge.

f. Ons tuinprojek bestuur deur die Kogelberg Garden Circle Open Gardens om fondse te in, is op dreef vir Saterdag, 25 en Sondag 26 September, 10vm. tot 5nm.

g. Ons het nog nie terugvoer ontvang aangaande die EFAR-proses nie.

h. Ons onderhandelinge met Pringlebaai rakende die deel van kostes en die opsit van 'n kamera-opstelling tussen Bettybaai en Pringlebaai is tot dusver nog nie suksesvol nie.

7. Paaie - assesseringprojek: Die assessering is byna afgehandel vir hierdie jaar. Nog net Silversands moet nog geassesseer word. Weens onvoorsiene omstandighede sal net Ixia, Lake Side, Diastella and Gladiolus geskraap word. Ad hoc- en slegte gedeeltes mag aangespreek word.

8. Radio-befondsing: Ons radio's het hul waarde bewys aangesien ons sonder onderbrekings kan kommunikeer. Ek het voorheen genoem dat ons R2000 per maand betaal vir die radio's. Noscotec het nog twee radio's gekoop en data-kostes vooruitbetaal vir twee jaar. Die Wag het maandeliks egter steeds R1000 te min vir radiodata. Die verskil word aangevul deur ons en die bydraes van sommige lede tot die Wag via die BBBV. Is daar enige aanbevelings rakende hoe ons meer fondse kan bekom?

9. Kamera-opstelling Kleinmond/Bettysbaai-fondse: Die wifi-verbinding is swak en soms heeltemal ontoereikend snags. Ek het Dr. Flip veroek om sy wifi op te gradeer. Sonic en NAVIC werk saam aan 'n oplossing vir Dr. Flip om die data-oordrag probleem op te los. Hierdie kamera-opstelling kos ons R570.00 per maand. Die koste word met Kleinmond gedeel. Ons beoog om die kamerastelsel met beide LPR en PTZ uit te brei, maar is ietwat onwillig weens die maandelikse kostes daaraan verbonde. Verskaf asb raad oor hoe ons die toenemende kostes van die Wag kan aanspreek.

10. Ek is dankbaar om te kan aankondig dat CULIVE weer aan boord is en sal saamwerk aan die gemeenskapsveiligheidsprogram. Hulle het reeds een arrestasie uitgevoer as uitvloeisel van ons samewerking om misdaad te voorkom.

11. Misdaad oor die Algemeen:

a. Huisbraaksyfers dwarsoor Bettysbaai het mooi gedaal, en dit is slegs toe te skryf aan die verslae en inligting wat ons van u as lede ontvang. Heel dikwels as ons verslae ondersoek, blyk alles in orde te wees, maar sommige van die rapportering het al mense van misdaad weerhou. Dit is hierdie soort aanmelding wat dit alles die moeite werd maak om ons netwerk op te bou. Hoe meer ons weet, hoe meer kan ons doen.

b. Dwelmaktiwiteit is aan die toeneem in die dorpie onder die jonger groepe. Hierdie inligting is baie sensitief en word direk by die speureenheid aangemeld.

c. Jaagduiwel-getalle is ook aan die toeneem. Ek het hierdie saak direk met Verkeer opgeneem. Hulle werk hard aan die probleem. Ons het twaalf spoedvrate in Bettysbaai geïdentifiseer wat voortdurend te vinnig ry. Hulle name, voertuie en adresse is aan Verkeer deurgegee. Dankie aan dié wat spoedinsidente rapporteer.

d. Oortredings van munisipale regulasies en onverantwoordelike vullisplasing: Ons het ‘n ooreenkoms met wetstoepassing om aanmeldings op te volg. Gaan asb voort om hardnekkige oortreders aan te meld, en ons sal die probleem aanspreek.

e. Staan asb u verteenwoordigers by om veranderinge in u omgewing raak te sien. As u iets sien verander, lig asb u verteenwoordiger in; dinge soos nuwe boupersele, bure wat u normaalweg sien, maar nie onlangs nie, vreemde gedrag by sekere huise, en veral nie-inwoners wat u gebied patrolleer.

f. Gaan asb voort om stropery aan te meld. Dit is vanweë al die aanmeldings dat mense, hulpbronne en befondsing aan spesiale eenhede toegedeel is om binne ons gebied op te tree in samewerking met DAFF en Cape Nature.

g. Wandelaars: Ons nooi alle lede wat in Bettysbaai wandel om by ons aan te sluit in ons poging om sigbaarheid van die Wag te verhoog. Hierdie lede sal ‘n hoë-sigbaarheidbaadjie dra en ‘n fluitjie by hulle hê. Hulle sal ook van passiewe status tot wandelaarstatus vorder. Hulle sal sekere inligting aangaande hul gebied ontvang wat ondersoek behoort te word, en sal gevra word om terug te rapporteer oor hierdie inligting.

12. Veiligheidsbestuur Aksieplan: In die lig van die onluste wat onlangs in KZN en Gauteng plaasgevind het, het ons dit nodig gevind om ‘n plan te beraam om in werking te stel, sou so iets hier gebeur. Ons verstaan dat dit hoogs onwaarskynlik is, maar voel tog dis belangrik om op een of ander wyse gereed te wees.

13. Lidmaatskap: Daar is tans meer as 1500 passiewe lede en 12 aktiewe lede tesame met vier spanne van 3 elk van die sekuriteitsfirmas. Ons het ook ‘n onaangekondigde groep mense op wie ons kan staatmaak in geval van krisis. Ons het egter nog nie ‘n verteenwoordiger in Sentraal en Sunny Seas nie.

Figuur 1 Verteenwoordigers/patrolleerders/areaverteenwoordigers (AR) en roepseine

Zone	Naam	Van	Roepsein	
Dkraal/B Lake	Wayne	Jackson	Alpha	Patroll/verteenw
Rondevlei	Donovan	Ackerberg	Rondevlei	Patroll/verteenw
Rondevlei	Ruby	Ackerberg	Rondevlei	Admin
Silver Sands	Bennie	Sheppard	Silversands	Patroller/verteenw
Silver Sands	Bianca	Bornman	Silversands	Admin
Mooiuitsig	Rodney	De Bruin	Mooiuitsig	Patroll/Vert/Admin
Jock’s Bay	Astrid	Twomey	J Bay	Admin/Verteenw
Stony Point	Brett	Grobler	Stony Point	Patroll/Vert/Admin
Pringlebaai	Gill	Coetzee	Pringle Bay	Patrolleerder
Bettysbaai	ASK	Henk, Darrel Lunga	ASK	Patrolleerder/AR
Bettysbaai	Bolt	Freek, Zeno Kolesi	Bolt	Patrolleerder/AR
Bettysbaai	CULIVE	Max, Henk Patrick	Culive	Patrolleerder/AR
Bettysbaai	Sandown Bay	Josh, Pieter Mason	Sandown Bay	Patrolleerder/AR

14. Weer eens bedank ek graag almal betrokke by die Wag, veral die sekuriteitsfirmas en vrywilligers. Mooi loop en wees veilig.